

# Magiese Verhale

## Lang Neus

THINK
DIGITAL ACADEMY



Eendag was daar ’n meulenaar wat drie seuns gehad het en ’n boer wat ’n mooi dogter gehad het. Op ’n dag het Roland, die oudste van die meulenaar se drie seuns, gesê: “Ek gaan vandag vir Margaret vra om met my te trou.”



In die paadjie wat na die plaashuis gelei het, het hy vir Ou Molly ontmoet. Sy was vol plooie en krom, en baie lelik. Ongelowige mense het haar Malle Molly genoem en gesê sy is ’n heks.

“Goeie dag!” sê Ou Molly. “En waarheen is jy op pad?”

Roland het sy neus in die lug gesteek en verby haar geloop asof sy nie daar was nie. Dis ’n wonder hy het nie oor sy eie voete geval nie.



"Nee!" het Margaret gesê toe Roland haar vra. "Ek sal NIE met jou trou nie."

'n Paar dae later het Robert, die tweede van die meulenaar se seuns, gesê:

"Ek gaan vandag vir Margaret vra om met MY te trou."

Hy was heel seker dat hy sou slaag waar sy broer misluk het.



Ou Molly was besig om primulas in te samel in die paadjie wat na die plaashuis gelei het.

“Goeie dag!” het sy beleefd gesê. “En waarheen is jy op pad?”

Robert het sy neus in die lug gesteek en voorgegee hy kyk na ’n voël wat glad nie daar was nie.



"Nee! Ek sal nie met JOU trou nie!" het Margaret gesê toe Robert haar vra om te trou.

Robin was die derde en jongste van die meulenaar se drie seuns. Hy was vriendelik en sterk, maar hy het een fout gehad. Of ten minste, hý het gedink dit was 'n fout. Hy het 'n baie lang neus gehad. 'n Baie, BAIE lang neus – die soort neus waaroor mense lag.

Maar hy wou hê dat Margaret met HÓM moes trou.



Hy het vir Ou Molly by die plaashuis se hek ontmoet.

“Goeie dag!” sê Ou Molly. “En waarheen is jy op pad?”

“Op ’n hopelose tog,” sug Robin. “Hoe kan ek verwag dat Margaret met my sal trou as ek so ’n belaglike neus het? Sy het al twee van my broers afgekeur sy gaan my seker ook afwys.”



"Daar maak jy 'n fout!" sê Ou Molly. "Sy sál met jou trou."

Sy het 'n ring van een van haar maer, beenagtige vingers afgehaal en dit vir hom gegee.

"Sit dit aan en sê 'Seën dit'," het sy gesê.

Robin het die ring aan sy eie vinger gesit.

"Toe nou, sê wat ek vir jou gesê het," het Ou Molly aangedring.

"Seën dit," sê Robin en meteens het sy neus 'n halwe duim gekrimp.

Dit was regtig verstommend hoe dit gebeur het, en hoe aantreklik dit hom laat lyk het.



“As Margaret weier om met jou te trou,” sê Ou Molly, “sê ‘Vergeet dit!’ en dan sal HÁÁR neus met ’n halwe duim groei. Dit sal haar so lelik maak dat sy bly sal wees om met jou te trou.”

“Dankie,” sê Robin. “Ek gaan haar sommer dadelik vra.”

Toe hy by die plaashuis kom, was Margaret nie daar nie.



“Ek sal wag,” het hy gesê en gaan sit. Hy het begin droomdink en het later sy oë toegemaak.

Nou wil dit gebeur dat daar daardie dag nog ’n besoeker by die plaashuis was. Dit was ’n ou gierigaard, wat nooit ’n sent spandeer het tensy hy móés nie. Hy was baie ryk, en Margaret se pa, wat gedink het rykdom is belangrik, wou hê Margaret moes met hóm trou.

Die gierigaard het vir Robin sien sit met sy oë toe en hy het die ring aan Robin se vinger raakgesien.



“Ek sal dit vat en vir Margaret gee – dan hoef ek nie geld te spandeer om vir haar ’n ring te koop nie,” het hy gedink.

En baie slu en versigtig, het hy die ring van Robin se vinger afgehaal en dit op sy eie vinger gesit om dit veilig te hou.

Robin se oë was dalk toe, maar hy was nie aan die slaap nie. Hy het presies geweet wat die gierigaard doen.

Sodra die ring aan die gierigaard se vinger was, het Robin fluisterend gesê:

“Vergeet dit.”



“OOOH!” het die gierigaard uitgeroep.

“Iets het my gepik!”

Hy het sy hand opgetel om aan sy neus te voel, jy het seker al geraai — ’n halwe duim langer was as wat dit ’n oomblik tevore was.

“OOOOOOH! Iets laat my neus swel!”

“Vergeet dit!” het Robin weer gefluister.

Die gierigaard se neus het nog ’n halwe duim gegroei.

“Vergeet dit!” het Robin weer gefluister.



“Wat gaan aan?” het die gierigaard uitgeroep toe sy neus nóg langer groei.

“Ek moet dadelik ’n dokter kry!”

En daar hardloop hy weg, terwyl hy probeer om sy neus met sy hande toe te maak.

Dit was nie maklik nie, want die punt van sy neus het heeltyd deur sy vingers uitgeprik!



Toe Margaret by die huis kom, het sy vir Robin gesê dat sy hom nog altyd liefgehad het, selfs toe sy neus lank was.

“Ja,” het sy gesê toe Robin haar vra, “ek SÁL met jou trou.”

Die volgende keer wat hulle die gierigaard gesien het, het sy neus nog steeds soos ’n witwortel gehang.

“Wat MÓÉT ek doen?” het die gierigaard gekerm terwyl hy probeer het om sy neus terug in vorm te druk.

“Gee my my ring terug en gee vir my ’n sak goud, dan sal ek jou genees,” het Robin gesê.



"Enigiets, enigiets wat jy wil hê," het die gierigaard belowe.

Sodra die ring weer aan Robin se eie vinger was, het hy gesê: "Seën dit!" Hy het dit drie keer gesê, en elke keer het die gierigaard se neus met 'n halwe duim gekrimp. Die gierigaard was so verlig toe sy neus weer normaal was, dat hy die sak goud sonder 'n woord oorgegee het. Daar was genoeg goud in die sak vir Robin en Margaret om 'n huis op te sit en 'n lewe saam te begin. Wat maar net weer bewys, of hoe? Dit is altyd wys om beleefd te wees – verál as jy dalk 'n heks teëkom.




THINK
DIGITAL ACADEMY